basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V1

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.**

*Kopiereg voorbehou*

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.

4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Maatskappy Finansiële State | 50 | 40 |
| **2** | Vaste Bates, Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 45 | 35 |
| **3** | Vertolking van Finansiële Inligting | 40 | 30 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 15 | 15 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (50 punte; 40 minute)**

**EBONY BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025. Die maatskappy verkoop 'n verskeidenheid motortoebehore en herstel/diens ook klante se motors.

**GEVRA:**

1.1 Stel die Staat van Omvattende Inkomste vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025 op. (34)

1.2 Stel die EKWITEIT EN LASTE-gedeelte op van die Staat van Finansiële Posisie, soos op 28 Februarie 2025. Toon bewerkings tussen hakies. (16)

**LET WEL:** Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.

**INLIGTING:**

**A. Saldo's en/of totale, onder meer, wat in die boeke verskyn het op:**

| | 28 Feb. 2025 (R) | 29 Feb. 2024 (R) |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | 2 480 000 | 2 480 000 |
| Behoue inkomste | ? | |
| Lening: Oracle Bank | ? | |
| Handelsvoorraad | | |
| Vaste deposito: Rainbow Bank | 620 000 | 620 000 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | ? | 19 230 |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings) | 363 100 | |
| Krediteurekontrole | 420 358 | |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 8 520 | |
| Bankoortrekking | ? | |
| Verkope | 12 171 200 | |
| Koste van verkope | ? | |
| Salarisse en lone | 763 000 | |
| Waardevermindering | 285 860 | |
| Diensgeld-inkomste | 174 580 | |
| Ouditfooie | 75 168 | |
| Huurinkomste | 72 960 | |
| Direkteursgelde | 1 595 385 | |
| Handelsvoorraadtekort | 22 150 | |
| Rente-inkomste | ? | |
| Rente-uitgawes | ? | |
| Diverse uitgawes | 710 000 | |
| Gewone aandeledividende (tussentydse dividende) | 372 000 | |

**B.** Die volgende aansuiwerings moet nog in berekening gebring word:

- 'n Voorraadopname op 28 Februarie 2025 het 'n handelsvoorraadtekort van R22 150 getoon. Hierdie tekort is bereken sonder om die volgende in ag te neem:

  Goedere van R31 200, wat op 28 Februarie 2025 deur M Vrede, 'n debiteur, teruggestuur is, is nie geboekstaaf nie. Die teruggestuurde goedere is in die voorraad teruggeplaas. Ebony Bpk. handhaaf deurgaans 'n winsopslag van 60% op alle voorraad.
- Ouditfooie nog verskuldig, R18 792.
- Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R17 200 verminder word.
- Die maatskappy het 'n gedeelte van hulle perseel op 1 Julie 2024 uitverhuur. Huur is tot en met 30 Junie 2025 ontvang.
- Ebony Bpk. het twee direkteure wat elk aan die begin van die finansiële jaar dieselfde fooie verdien het. 'n Derde direkteur is op 1 September 2024 aangestel, wat 'n maandelikse fooi van R5 445 minder as die huidige direkteure verdien. Al die direkteure is hulle fooie vir Maart 2025 betaal.

**C.** Midrand Tyres, 'n verskaffer, is R22 750 betaal. Hierdie bedrag is foutiewelik na die Debiteurekontrolerekening gedebiteer. Dit moet reggestel word.

**D. Lening: Oracle Bank**

- Uittreksel uit die jaarlikse leningstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

  Maandelikse terugbetalings, rente ingesluit: R27 500
- Die kapitaalterugbetaling op die lening vir die afgelope finansiële jaar was R126 600. Dit sal onveranderd bly totdat die lening ten volle afbetaal is.

**E. Inkomstebelasting**

- Inkomstebelasting word teen 30% van die netto wins bereken.
- Die korrekte inkomstebelasting vir die jaar was R397 800.

**F. Aandelekapitaal en dividende**

- Die maatskappy het 1 550 000 uitgereikte aandele op 1 Maart 2024 gehad.
- Tussentydse dividende is op 31 Julie 2024 betaal.
- 'n Finale dividend van 19 sent per aandeel is op 28 Februarie 2025 verklaar. Dit moet nog in berekening gebring word.

**LET WEL:** Geen aandele is gedurende die jaar uitgereik of teruggekoop nie.

**G.** Inligting bereken aan die einde van die finansiële jaar nadat alle aansuiwerings in berekening gebring is:

| | |
|---|---|
| Totale bates | R5 214 000 |
| Solvabiliteitsverhouding | 2,4 **:** 1 |

**50**

**VRAAG 2: VASTE BATES, KONTANTVLOEISTAAT, FINANSIËLE AANWYSERS (45 punte; 35 minute)**

Die inligting het betrekking op Premier Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

**GEVRA:**

2.1 **Verwys na Inligting D.**

Bereken die ontbrekende syfers wat deur **(i)** tot **(iii)** op die Vastebatenota aangedui word. (12)

2.2 Bereken die volgende syfers vir die Kontantvloeistaat:

- Belasting betaal (4)
- Dividende betaal (4)

2.3 Voltooi die 'Kontantgevolge uit finansieringsaktiwiteite' in die Kontantvloeistaat. (8)

2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2025:

- % bedryfsuitgawes op verkope (3)
- % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (4)
- Dividende per aandeel (4)

2.5 Volgens die Vastebatenota (sien **Inligting D**) het die maatskappy aanbouings aan die gebou, ter waarde van R7 909 600, gedurende die finansiële jaar voltooi.

- Noem TWEE hooffinansieringsbronne, met syfers (meer as R2 000 000 elk) vir die aanbouings. (4)
- Dui vir elke bron aan hoe dit in die toekoms die kontantvloei negatief sal beïnvloed. Noem EEN ander punt by elke bron. (2)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel: Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:**

| | |
|---|---|
| Verkope | 26 480 000 |
| Bedryfsuitgawes | 4 667 600 |
| Rente-uitgawes | 222 400 |
| Netto wins voor belasting | 6 200 000 |
| Inkomstebelasting | 1 736 000 |
| Netto wins na belasting | 4 464 000 |

**B. Uittreksel: Staat van Finansiële Posisie op:**

| **Bates** | **28 Feb. 2025** | **29 Feb. 2024** |
|---|---|---|
| **Niebedryfsbates** | **19 157 500** | **12 293 000** |
| Vaste bates | 17 877 500 | 10 493 000 |
| Vaste deposito | 1 280 000 | 1 800 000 |
| **Bedryfsbates** | **12 842 000** | **9 020 000** |
| Voorraad | | |
| Debiteurekontrole | 1 580 000 | 1 740 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 220 000 | 0 |
| Kontant en kontantekwivalente | | |
| **Totale bates** | **31 999 500** | **21 313 000** |
| | | |
| **Ekwiteit en laste** | | |
| **Gewone aandeelhouersbelang** | **22 556 000** | **14 913 000** |
| Gewone aandelekapitaal | | 13 950 000 |
| Behoue inkomste | | 963 000 |
| **Niebedryfslaste** | **6 513 500** | **2 780 000** |
| **Bedryfslaste** | **2 930 000** | **3 620 000** |
| Handel- en ander betaalbare bedrae | 1 530 000 | 2 632 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 0 | 148 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 1 400 000 | 840 000 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **31 999 500** | **21 313 000** |

**C. Aandele en dividende:**

- Die maatskappy het 3 000 000 uitgereikte aandele op 1 Maart 2024 gehad.
- 1 050 000 nuwe aandele is op 30 Junie 2024 vir R6 300 000 uitgereik.
- 'n Tussentydse dividend van 32 sent per aandeel is op 31 Augustus 2024 betaal.
- Op 31 Oktober 2024 is 50 000 aandele vir R3,50 meer as die gemiddelde aandeleprys teruggekoop.
- Finale dividende is op 28 Februarie 2025 verklaar.

**D. Vastebatenota by die Staat van Finansiële Posisie:**

| VASTE BATES | GEBOUE (R) | VOERTUIE (R) | TOERUSTING (R) |
|---|---|---|---|
| **Drawaarde (1 Mrt. 2024)** | **(i)** | **1 473 000** | **1 450 000** |
| Kosprys | | 3 223 000 | 2 630 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | 0 | (1 750 000) | (1 180 000) |
| **Bewegings** | | | |
| Toevoegings | 7 909 600 | 0 | 320 000 |
| Bates verkoop | 0 | **(ii)** | 0 |
| Waardevermindering | 0 | | **(iii)** |
| **Drawaarde (28 Feb. 2025)** | **15 479 600** | | |
| Kosprys | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | 0 | | |

**Addisionele inligting ten opsigte van vaste bates:**

- Aanbouings aan die geboue is gedurende die finansiële jaar voltooi.
- 'n Ou voertuig is op 30 September 2024 teen drawaarde verkoop. Die kosprys van hierdie voertuig was R510 000 en die opgehoopte waardevermindering daarvan het op 1 Maart 2024, R330 000 beloop.
- Waardevermindering op voertuie is 20% p.j. op drawaarde.
- Addisionele toerusting is op 1 Desember 2024 aangekoop.
- Waardevermindering op toerusting is 15% p.j. op kosprys.

**45**

## VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (40 punte; 30 minute)

**VENUS BPK.**

Die inligting het betrekking op Venus Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

**AGTEGRONDINLIGTING:**

Denzel Crous is as die hoof- finansiële beampte (HFB) volgens 'n 2 jaar-kontrak aangestel, wat op 31 Augustus 2025 hersien sal word. Hy is ook 'n aandeelhouer in Venus Bpk.

| | |
|---|---|
| **LET WEL:** | Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:<br>• Finansiële aanwysers en tendense, met syfers, aanhaal<br>• 'n Rede of verduideliking vir die aangehaalde finansiële aanwysers gee |

**INLIGTING:**

3.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Doeltreffende beheer van uitgawes in die besigheid is 'n weerspieëling van (risiko/winsgewendheid).

3.1.2 Wanneer 'n maatskappy gelikwideer word, sal die aandeelhouers se aanspreeklikheid (beperk/onbeperk) wees, omdat hulle nie vir maatskappyskulde verantwoordelik gehou sal word nie.

3.1.3 (Solvabiliteit/Likiditeit) is die besigheid se vermoë om al hulle skuld met gebruik van bestaande bates af te betaal. (3 x 1) (3)

3.2 **Likiditeit:**

Die maatskappy se likiditeitsposisie het verbeter. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan wat hierdie stelling ondersteun. (4)

3.3 **Dividenduitbetalingsbeleid:**

- Bereken die dividenduitbetalingskoers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (2)

- Verduidelik waarom die direkteure besluit het om die beleid te verander. Gee EEN rede. (2)

3.4 **% aandeelhouding en terugkoopbesluitneming:**

- Bereken die aantal nuwe aandele wat Denzel op 31 Julie 2024 gekoop het. (4)
- Bereken Denzel se % aandeelhouding op 28 Februarie 2025. (3)
- Die onafhanklike ouditeur het vasgestel dat Denzel die besluit geneem het om die aandele uit die bestorwe boedel van 'n familielid op 1 Desember 2024 terug te koop, sonder om die direksie in te lig.

  Waarom behoort die onafhanklike ouditeur hieroor bekommerd te wees? Gee EEN rede. (2)

3.5 **Hefboomfinansiering en risiko:**

- Venus Bpk. se direkteure wil die besigheid uitbrei deur nog takke in ander provinsies oop te maak. Verduidelik waarom jy sal aanbeveel dat hulle nie nog geld moet leen nie. Haal TWEE finansiële aanwysers, met syfers, aan. (6)
- 'n Ander moontlikheid om die voorgestelde uitbreidings te finansier, is om nog aandele uit te reik. Verduidelik hoe dit die maatskappy sal bevoordeel. Verskaf TWEE punte. (4)

3.6 **Aandelewaarde:**

Verduidelik waarom die aandeelhouers nie aan die einde van die finansiële jaar met die maatskappy se aandelepryse tevrede moet wees nie. Haal TWEE relevante finansiële aanwysers en ander verwante data aan. (4)

3.7 **Hernuwing van die HFB se kontrak:**

- Verduidelik EEN rede waarom enige maatskappy 'n goed gekwalifiseerde persoon as hulle hoof- finansiële beampte (HFB) moet aanstel. (2)
- Behalwe die faktore en finansiële aanwysers wat in VRAAG 3.2 tot 3.6 gedek is, haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers waarom jy voel dat Denzel se kontrak nie hernu moet word nie. (4)

**INLIGTING:**

**A. Finansiële aanwysers bereken:**

| | 28 Feb. 2025 | 29 Feb. 2024 |
|---|---|---|
| % bedryfsuitgawes op verkope | 18,3% | 22,7% |
| Bedryfsverhouding | 1,6 : 1 | 0,3 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,8 : 1 | 0,1 : 1 |
| Debiteure-invorderingsperiode | 36 dae | 43 dae |
| Krediteure-betalingsperiode | 63 dae | 63 dae |
| Solvabiliteitsverhouding | 2,2 : 1 | 2,6 : 1 |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,8 : 1 | 0,5 : 1 |
| Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 8,2% | 9,5% |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 4,5% | 6,2% |
| Verdienste per aandeel | 51 sent | 58 sent |
| Dividende per aandeel | 55 sent | 35 sent |
| Dividenduitbetalingskoers | **?** | 60,3% |
| Netto batewaarde per aandeel | 1 025 sent | 1 060 sent |

**B. Addisionele inligting:**

| | 28 Feb. 2025 | 29 Feb. 2024 |
|---|---|---|
| Markprys per aandeel | 1 000 sent | 1 030 sent |
| Rentekoers op lenings | 12% p.j. | 12% p.j. |
| Rentekoers op beleggings | 7% p.j. | 7% p.j. |

**C. Aandele van Venus Bpk.:**

| | Aantal aandele |
|---|---|
| Uitgereik: | |
| op 29 Februarie 2024 | 900 000 |
| op 28 Februarie 2025 | 950 000 |
| Nuwe aandele uitgereik op 31 Julie 2024 teen R10,50 elk | 125 000 |
| Teruggekoop op 1 Desember 2024 teen R12,00 elk | 75 000 |

**D. Aandeelhouding van Denzel Crous in Venus Bpk.:**

| | |
|---|---|
| % aandeelhouding op 29 Februarie 2024 | 45% |
| Aantal aandele besit op 28 Februarie 2025 | 494 000 |

**40**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR (15 punte; 15 minute)**

4.1 **Verwys na Inligting A.**

4.1.1 Identifiseer die soort ouditverslag wat Yungs Bpk. ontvang het. (1)

4.1.2 Noem TWEE betroubare soorte ouditbewyse wat VC Ouditeure as die basis vir hulle mening gebruik het. (2)

4.1.3 Verduidelik hoe hierdie ouditverslag moontlik in die toekoms 'n positiewe uitwerking op die maatskappy kan hê. Verskaf TWEE punte. (4)

4.2 **Verwys na Inligting B.**

4.2.1 Watter stappe sou Vintage Bpk. teen die twee direkteure, wat in die hof verskyn het, gedoen het? Verskaf TWEE punte. (4)

4.2.2 Verduidelik TWEE gevolge wat Josh, die eksterne ouditeur, vir sy onwettige optrede kan verwag. (4)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit 'n ouditverslag wat VC Ouditeure aan Yungs Bpk., een van hulle kliënte, uitgereik het:**

**Mening**

Na ons mening verskaf die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie en kontantvloeie van Yungs Bpk. soos op 28 Februarie 2025. Dit is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en het aan die vereistes van die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008) van Suid-Afrika, voldoen.

**Meningsbasis**

Die ouditbewyse verkry, is voldoende, betroubaar en toepaslik om 'n basis vir ons mening te vorm.

**B. Uittreksel uit 'n koerantberig oor Vintage Bpk., 'n ander kliënt van VC Ouditeure:**

Josh Peters, 'n eksterne onafhanklike ouditeur van VC Ouditeure, is betrek by 'n korrupsie-hofsaak teen twee direkteure van Vintage Bpk. Hierdie direkteure het na bewering omkoopgeld aan Josh betaal om te verseker dat gunstige verslae oor Vintage Bpk. se prestasies deur VC Ouditeure uitgereik word, alhoewel die maatskappy byna bankrot is.

**15**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhoudersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. 365 dae is slegs van toepassing indien dit relevant tot die hele jaar is.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

Vertroulik

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V1

## GRAAD 12

## MEI/JUNIE 2025

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 10 bladsye.**

**VRAAG 1**

**1.1 Staat van Omvattende Inkomste vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025**

| | |
|---|---|
| **Verkope** | |
| **Koste van verkope** | |
| **Bruto wins** | |
| **Ander inkomste** | |
| **Diensgeld-inkomste** | **174 580** |
| | |
| | |
| | |
| **Bruto bedryfsinkomste** | |
| **Bedryfsuitgawes** | |
| **Salarisse en lone** | **763 000** |
| **Waardevermindering** | **285 860** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Bedryfswins** | |
| **Rente-inkomste** | |
| **Wins voor rente-inkomste** | |
| **Rente-uitgawes** | |
| **Netto wins voor belasting** | |
| **Inkomstebelasting** | **(397 800)** |
| **Netto wins na belasting** | |

| |
|---|
| |
| **34** |

**1.2 Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2025**

| | |
|---|---|
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **GEWONE AANDEELHOUERSBELANG** | |
| **Gewone aandelekapitaal** | **2 480 000** |
| | |
| **NIEBEDRYFSLASTE** | |
| **Lening: Oracle Bank** | |
| **BEDRYFSLASTE** | **972 000** |
| **Handel en ander betaalbare bedrae (420 358** | |
| | |
| | |
| **Bankoortrekking** | |
| **Korttermyndeel van lening** | **126 600** |
| | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | |

| |
|---|
| **16** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **50** |

**VRAAG 2**

**2.1**

**(i)**

| **Bereken: Drawaarde van geboue op 1 Maart 2024** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**(ii)**

| **Bereken: Verkoop van voertuig teen drawaarde** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**(iii)**

| **Bereken: Totale waardevermindering van toerusting** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **12** |

**2.2**

| **Bereken: Belasting betaal** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **Bereken: Dividende betaal** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

**2.3 Kontantgevolge uit finansieringsaktiwiteite in die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025**

| Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **8** |

**2.4**

| Bereken: % bedryfsuitgawes op verkope | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

| Bereken: % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| Bereken: Dividende per aandeel | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

**2.5**

| | FINANSIERINGSBRON (met syfers) | NEGATIEWE EFFEK OP KONTANTVLOEI |
|---|---|---|
| **BRON 1** | | |
| **BRON 2** | | |

| |
|---|
| |
| **6** |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| **45** |

**VRAAG 3**

**3.1**

| | |
|---|---|
| **3.1.1** | |
| **3.1.2** | |
| **3.1.3** | |

3

**3.2 Likiditeit:**

**Die maatskappy se likiditeitsposisie het verbeter. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan wat hierdie stelling ondersteun.**

4

**3.3 Dividenduitbetalingsbeleid:**

**Bereken die dividenduitbetalingskoers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.**

| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| | |

2

**Verduidelik waarom die direkteure besluit het om die beleid te verander. Gee EEN rede.**

2

**3.4 % aandeelhouding en terugkoopbesluitneming:**

**Bereken die aantal nuwe aandele wat Denzel op 31 Julie 2024 gekoop het.**

| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| | |

4

**Bereken Denzel se % aandeelhouding op 28 Februarie 2025.**

| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| | |

3

**Die onafhanklike ouditeur het vasgestel dat Denzel die besluit geneem het om die aandele uit die bestorwe boedel van 'n familielid op 1 Desember 2024 terug te koop, sonder om die direksie in te lig.**

**Waarom behoort die onafhanklike ouditeur hieroor bekommerd te wees? Gee EEN rede.**

| |
|---|
| 2 |

**3.5 Hefboomfinansiering en risiko:**

**Venus Bpk. se direkteure wil die besigheid uitbrei deur nog takke in ander provinsies oop te maak. Verduidelik waarom jy sal aanbeveel dat hulle nie nog geld moet leen nie. Haal TWEE finansiële aanwysers, met syfers, aan.**

| |
|---|
| 6 |

**'n Ander moontlikheid om die voorgestelde uitbreidings te finansier, is om nog aandele uit te reik. Verduidelik hoe dit die maatskappy sal bevoordeel. Verskaf TWEE punte.**

| |
|---|
| 4 |

**3.6 Aandelewaarde:**

| **Verduidelik waarom die aandeelhouers nie aan die einde van die finansiële jaar met die maatskappy se aandelepryse tevrede moet wees nie. Haal TWEE relevante finansiële aanwysers en ander verwante data aan.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **4** |

**3.7 Hernuwing van HFB se kontrak:**

| **Verduidelik EEN rede waarom enige maatskappy 'n goed gekwalifiseerde persoon as hulle hoof- finansiële beampte (HFB) moet aanstel.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **2** |

| **Behalwe die faktore en finansiële aanwysers wat in VRAAG 3.2 tot 3.6 gedek is, haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers waarom jy voel dat Denzel se kontrak nie hernu moet word nie.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

**VRAAG 4**

**4.1.1** **Identifiseer die soort ouditverslag wat Yungs Bpk. ontvang het.**

| |
|---|
| **1** |

**4.1.2** **Noem TWEE betroubare soorte ouditbewyse wat VC Ouditeure as die basis vir hulle mening gebruik het.**

| |
|---|
| **2** |

**4.1.3** **Verduidelik hoe hierdie ouditverslag moontlik in die toekoms 'n positiewe uitwerking op die maatskappy kan hê. Verskaf TWEE punte.**

| |
|---|
| **4** |

**4.2.1** **Watter stappe sou Vintage Bpk. teen die twee direkteure, wat in die hof verskyn het, gedoen het? Verskaf TWEE punte.**

| |
|---|
| |
| **4** |

**4.2.2** **Verduidelik TWEE gevolge wat Josh, die eksterne ouditeur, vir sy onwettige optrede kan verwag.**

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **15** |

**TOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**REKENINGKUNDE V1**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

## NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae by daardie item(s) verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). LW: As syfers in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings aangedui word, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie getoon is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag)
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van 'n vraag nie as 'n negatiewe totaal getoon word nie.
10. Waar metodepunt(e) vir 'n bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees volgens kandidaat se (geldige) antwoord, of soos in nasienriglyne aangedui.
12. By bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan bevat.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

## VRAAG 1

### 1.1 Staat van Omvattende Inkomste vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Verkope** | (12 171 200 ✓ – 31 200 ✓) | 12 140 000 | ☑* |
| **Koste van verkope** | Verkope/1,6 **OF** Verkope x 100/160 | (7 587 500) | ☑☑# |
| **Bruto wins** | Verk - KvV **6** | 4 552 500 | ☑ |
| **Ander inkomste** | | 225 250 | ☑* |
| **Diensgeld-inkomste** | | **174 580** | |
| Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering | | 2 030 | ✓✓ |
| Huurinkomste | [6 080 x 4] **OF** [72 960 x 4/12]<br>(72 960 – 24 320 ✓✓) | 48 640 | ☑* |
| **Bruto bedryfsinkomste** | BW + AI **7** | 4 777 750 | ☑ |
| **Bedryfsuitgawes** | | (3 307 800) | ☑* |
| **Salarisse en lone** | | **763 000** | |
| **Waardevermindering** | | **285 860** | |
| Ouditfooie | (75 168 + 18 792) | 93 960 | ✓✓ |
| Direkteursgelde | een punt een punt een punt<br>49 500 + 49 500 + 44 055<br>(1 595 385 – 143 055 ✓✓✓✓) | 1 452 330 | ☑* |
| Handelsvoorraadtekort | [31 200 x100/160]<br>(22 150 – 19 500 ✓✓) | 2 650 | ☑* |
| Diverse uitgawes | | 710 000 | ✓ |
| | **12** | | |
| **Bedryfswins** | BBI - BU | 1 469 950 | ☑ |
| **Rente-inkomste** | balanseersyfer | 59 450 | ☑ |
| **Wins voor rente-uitgawes** | NWvoorB + RU | 1 529 400 | ☑ |
| **Rente-uitgawes** | (330 000 ✓ – 126 600 ✓) OF (27 500 - 10 550) x 12<br>16 950 twee punte; een punt; een punt | (203 400) | ☑ |
| **Netto wins voor belasting** | NWnaB + IB | 1 326 000 | ☑ |
| **Inkomstebelasting** | | **(397 800)** | |
| **Netto wins na belasting** | [397 800 x 70/30] **9** | 928 200 | ✓✓ |

**34**

* een deel korrek

-1 vreemde items (maks -2), d.i. SFP-items; -1 aanbieding (maks -1)
Voors. vir Oninbare Skulde moet as 'n inkomste getoon word.
Handelsvoorraadtekort kan as inkomste getoon word; merk dit soos per Beginsel 11.
As Handelsvoorraadtekort as inkomste getoon word met korrekte bewerkings; -1 vir antwoord.
# twee metodepunte kan toegeken word slegs as die verkoopsyfer, hierbo bereken, gebruik is.

**1.2 Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2025**

| | | |
|---|---|---|
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **GEWONE AANDEELHOUERSBELANG** (TE&L – TL) | 3 041 500 | ☑ |
| **Gewone aandelekapitaal** | **2 480 000** | |
| Behoue inkomste balanseersyfer **2** | 561 500 | ☑ |
| **NIEBEDRYFSLASTE** [5 214 000 / 2,4] (2 172 500 ✓✓ – 972 000 ✓) **4** | 1 200 500 | ☑* |
| **Lening: Oracle Bank** | 1 200 500 | |
| **BEDRYFSLASTE** | **972 000** | |
| **Handel en ander betaalbare bedrae** (**420 358** + 18 792 ✓ ouditfooie + 24 320 ☑ huurinkomste – 22 750 ✓ regstelling) | 440 720 | ☑* |
| SAID: Inkomstebelasting (397 800 – 363 100) | 34 700 | ✓✓ |
| Aandeelhouers vir dividende (1 550 000 x 19/100) | 294 500 | ✓✓ |
| **Bankoortrekking** balanseersyfer | 75 480 | ☑ |
| **Korttermyndeel van lening** | **126 600** | |
| | | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** **10** | 5 214 000 | ✓ |

**16**

*een deel korrek
-1 vreemde items (maks -2); aanbieding -1 (maks -1)
Kontroleer: SAID:IB & AHvD; dit kan in H&AB ingesluit wees
Verwys na Beginsel 11 met die toeken van punte. Bewerking soos per kandidaat s'n, tensy anders aangedui

| | |
|---|---|
| **TOTALE PUNTE** | **50** |

## VRAAG 2

**2.1**

**(i)**

| **Bereken: Drawaarde van geboue op 1 Maart 2024** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 15 479 600 – 7 909 600 | 7 570 000 ✓✓ |

**(ii)**

| **Bereken: Verkoop van voertuig teen drawaarde** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 510 000 ✓ – 330 000 ✓ – 21 000 ✓☑ (180 000 x [20% x 7/12])<br>180 000 twee punte<br><br>**OF** 510 000 – 351 000<br>een punt; twee punte + een m-punt<br><br>Aanvaar grootboekformaat vir berekeninge | 159 000 ☑<br>KP – OWV (begin) – WV (huidige) |

**(iii)**

| **Bereken: Totale waardevermindering van toerusting** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| Nuut: 320 000 x [15% x 3/12] 12 000 ✓☑<br><br>Oud: 2 630 000 x [15% x 12/12] 394 500 ✓✓<br>Geen punte word toegeken vir bewerkings by alleenstaande syfers, bv. geen punte indien enige bedrag bygevoeg is by R320 000 or R2 630 000. | 406 500 ☑<br>een deel korrek<br>nuut + oud |

**12**

**2.2**

| **Bereken: Belasting betaal** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 148 000 ✓ + 1 736 000 ✓ + 220 000 ✓<br><br>**OF** – 148 000 – 1 736 000 – 220 000<br><br>Aanvaar grootboekformaat OF die gebruik van hakies vir bewerkings<br>Wees bedag op omgekeerde tekens; merk dan deurgaans slegs EEN opsie | 2 104 000 ☑<br>een deel korrek<br>Ignoreer hakies |

**4**

| **Bereken: Dividende betaal** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 840 000 ✓ + 1 296 000 ✓✓ ([4 050 000 x 0,32])<br><br>**OF** 840 000 + [2 696 000 – 1 400 000]<br>een punt; twee punte<br><br>Aanvaar grootboekformaat OF die gebruik van hakies vir bewerkings | 2 136 000 ☑<br>een deel korrek<br>Ignoreer hakies |

**4**

## 2.3 Kontantgevolge uit finasieringsaktiwiteite in die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025

*een deel korrek

| | |
|---|---|
| **Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite** | 9 608 500 ☑* |
| Uitreik van aandele | 6 300 000 ✓ |
| Terugkoop van aandele<br>(50 000 ✓ x R8,50 ✓✓) **OF** 175 000 + 250 000<br>een punt twee punte | (425 000) ☑*<br>Moet in hakies wees |
| Verandering in lening | 3 733 500 ✓✓ |

-1 P, indien geen details getoon (maks -1)

**8**

## 2.4

| **Bereken: % bedryfsuitgawes op verkope** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| $\frac{4\ 667\ 600\ ✓}{26\ 480\ 000\ ✓} \times \frac{100}{1}$ | 17,6 % ☑<br>een deel korrek |

**3**

| **Bereken: % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| $\frac{4\ 464\ 000\ ✓}{½\ (22\ 556\ 000✓ + 14\ 913\ 000✓)} \times \frac{100}{1}$<br>18 734 500 twee punte | 23 ,8% ☑<br>een deel korrek<br>As gem. AHB (x ½) gebruik is |

**4**

| **Bereken: Dividende per aandeel** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| [1 296 000/4 050 000] [1 400 000 / 4 000 000] een punt twee punte<br>32c ✓ + 35c ✓✓ **OF** 0,32 + 0,35<br>Merk SLEGS een opsie deurgaans | 67c ☑<br>een deel korrek<br>67,4c word nie aanvaar nie |

**4**

- Vir ELKE bewerking: die 'x 100' word nie geag as 'een deel korrek'.
- Teller en noemer moet as sulks gemerk word.
- Geen punte word toegeken vir bewerkings by alleenstaande syfers, bv. geen punte indien enige bedrag bygevoeg is by R4 667 600.

## 2.5

| | **FINANSIERINGSBRON (met syfers)** | **NEGATIEWE EFFEK OP KONTANTVLOEI** |
|---|---|---|
| **BRON 1** | Aandele uitgereik, ✓ R6 300 000 ✓ | Skep verwagtinge by aandeelhouers om gereelde dividende in die toekoms te ontvang ✓ |
| **BRON 2** | Verandering in lening, ✓<br>R3 733 500 ☑<br>Sien 2.3 | Lening moet met rente terugbetaal word. ✓ |

**6**

| **TOTALE PUNTE** | **45** |
|---|---|

## VRAAG 3

**3.1**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1.1** | Winsgewendheid ✓ | Geen afkortings word aanvaar nie. |
| **3.1.2** | Beperk ✓ | |
| **3.1.3** | Solvabiliteit ✓ | |

**3**

**3.2 Likiditeit:**

**Die maatskappy se likiditeitsposisie het verbeter. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan wat hierdie stelling ondersteun.**

Finansiële aanwysers ✓ ✓ Syfers en tendense ✓ ✓

- Bedryfsverhouding verbeter/verhoog (van 0,3 :1) tot 1,6 :1 / met 1,3 : 1.
- vuurproefverhouding verbeter/verhoog (van 0,1 :1) tot 0,8:1 / met 0,7 : 1
- Debiteure-invorderingsperiode verbeter/verminder (van 43 dae) tot 36 dae / met 7 dae

Krediteure-betalingsperiode word NIE aanvaar NIE

**4**

**3.3 Dividenduitbetalingsbeleid:**

**Bereken die dividenduitbetalingskoers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| $\frac{55}{51} \times \frac{100}{1}$ | 107,8% ✓✓<br>1,07 word nie aanvaar nie |

**2**

**Verduidelik waarom die direkteure besluit het om die beleid te verander. Gee EEN rede.**

EEN geldige punt ✓✓

- Die maatskappy wil aandeelhouers gelukkig hou/verhoog aandeelhouers se tevredenheid.
- Hulle probeer aandele se markprys beïnvloed deur dividende te verhoog
- Om dividende oor verskeie jare op dieselfde vlak te hou.
- Beplan nie vir enige toekomstige uitbreidings nie.
- Die maatskappy het genoeg reserwes in vorige jare opgebou.

**2**

**3.4 % aandeelhouding en terugkoopbesluite:**

**Bereken die aantal nuwe aandele wat Denzel op 31 Julie 2024 gekoop het.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 494 000 ✓ – 405 000 ✓✓ [900 000 x 45%]<br>**OF** 495 000 (een punt) – 456 000 (een punt) + 50 000 (een punt) [125 000 – 75 000] | 89 000 ☑<br>een deel korrek |

**4**

**Bereken Denzel se % aandeelhouding op 28 Februarie 2025.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| $\frac{494\ 000 ✓}{950\ 000 ✓} \times \frac{100}{1}$ | 52% ☑<br>een deel korrek |
| • Teller en noemer moet as sulks gemerk word.<br>• Geen punte word toegeken vir bewerkings by alleenstaande syfers, bv. geen punte indien enige bedrag bygetel is by R494 000. | |

**3**

**Die onafhanklike ouditeur het vasgestel dat Denzel die besluit geneem het om die aandele uit die bestorwe boedel van 'n familielid op 1 Desember 2024 terug te koop, sonder om die direksie in te lig.**
**Waarom behoort die onafhanklike ouditeur hieroor bekommerd te wees? Gee EEN rede.**

EEN toepaslike rede ✓✓ deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Oneties, omdat Denzel sy voordeel as meerderheidsaandeelhouer misbruik/ Dit kan lei tot ‘n moontlike konflik van belange.
- Nepotisme, want Denzel het sy familielid se boedel bevoordeel deur r12 per aandeel te betaal
- Prosedures is nie gevolg nie; een persoon kan nie terugkooppryse op sy eie vasstel nie.
- Aandeelhouers kan dispuut verklaar, omdat hierdie aksie nie maatskappybeleid gevolg het nie.
- Die besluit was nie billik en deursigtig nie.

**2**

## 3.5 Hefboomfinansiering en risiko:

**Venus Bpk. se direkteure wil die besigheid uitbrei deur nog takke in ander provinsies oop te maak. Verduidelik waarom jy sal aanbeveel dat hulle nie nog geld moet leen nie. Haal TWEE finansiële aanwysers, met syfers, aan.**

TWEE finansiële aanwysers ✓ ✓ Syfers en tendense ✓ ✓ Verduideliking ✓ ✓

- Skuld-ekwiteit-verhouding verhoog (van 0,5 : 1) tot 0,8 : 1 / met 0,3 : 1
  Die finansiële risiko het verhoog / Maatskappy maak meer op skuld staat, om sy handelsbedrywighede te finansier.

- % opbrengs op gemid. kapitaal aangewend (OOTKA) verminder (van 9,5%) tot 8,2% / met 1,3%-punte / met 13,7%
  Maatskappy is negatief gerat / OOTKA is laer as die (12%) rentekoers/ lenings word nie doeltreffend benut nie.

**6**

**'n Ander moontlikheid om die voorgestelde uitbreidings te finansier, is om nog aandele uit te reik. Verduidelik hoe dit die maatskappy sal bevoordeel. Verskaf TWEE punte.**

TWEE toepaslike punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Die kapitaal wat so bekom word, hoef nie aan aandeelhouers terugbetaal te word nie / geen verpligte terugbetaling van kapitaal.
- Skuld-ekwiteit-verhouding verbeter.
- Dividende kan slegs verklaar word as die maatskappy dit kan bekostig / minder druk op kontantvloei.
- Geen rente word betaal nie; wins kan verbeter.

**4**

### 3.6 Aandelewaarde:

**Verduidelik waarom die aandeelhouers nie met die maatskappy se aandelepryse aan die einde van die finansiële jaar tevrede moet wees nie. Haal TWEE relevante finansiële aanwysers en ander verwante data aan.**

Finansiële aanwysers / ander data ✓ ✓ Syfers en tendense ✓ ✓

- Netto batewaarde (NBW) per aandeel verlaag (van 1 060c) tot 1 025c / met 35c / met 3,3%.
- Markprys per aandeel verlaag (van 1 030c) tot 1 000c / met 30c / met 2,9%.

**Vir VIER punte:**

- Markprys per aandeel van 1 000c is laer as die NBW per aandeel van 1 025c.

| |
|---|
| |
| **4** |

### 3.7 Hernuwing van HFB se kontrak:

**Verduidelik EEN rede waarom enige maatskappy 'n goed gekwalifiseerde persoon as hul hoof- finansiële beampte (HFB) moet aanstel.**

EEN toepaslike rede ✓✓ deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Ontwikkel gesonde finansiële strategieë wat in lyn sal wees met die maatskappy se langtermyndoelwitte.
- Verseker dat die maatskappy voldoen aan finansiële regulasies en standaarde.
- Skep vertroue in die maatskappy se prestasies en groei.
- HFBs is instrumenteel in die identifisering van finansiële risiko's.
- Hy/Sy moet toepaslike kennis (vaardighede of ondervinding) hê, omdat die HFB finale besluite moet neem wat alle aspekte van die maatskappy se finansies raak.
- Moet ingelig wees oor alle toepaslike beleide wat die effektiewe hantering van die maatskappy se finansies reguleer.
- Voorkom bedrog en wanbestuur van fondse.

| |
|---|
| |
| **2** |

**Behalwe die faktore en finansiële aanwysers wat in VRAE 3.2 tot 3.6 gedek is, haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers oor waarom jy voel dat Denzel se kontrak nie hernu moet word nie.**

Finansiële aanwysers / ANDER data ✓ ✓ Syfers en tendense ✓ ✓

- Verdienste per aandeel verminder (van 58c) tot 51c / met 7c / met 12%.
- Opbrengs op gemid. aandeelhouersbelang verminder (van 6,2%) tot 4,5%/ met 1,7%-punte / met 27,4%.
- Solvensieverhouding verlaag (van 2,6 : 1) tot 2,2 : 1 / met 0,4 : 1.

**LW:** Moenie % bedryfsuitgawes op verkope aanvaar nie
Wees bedag op toepaslike aanwysers wat nie voorheen in Vr 3.2 – Vr 3.6 hierbo gebruik is nie, uitgesluit positiewe tendense, bv likiditeit.

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** | **40** |
|---|---|

## VRAAG 4

**4.1.1** **Identifiseer die soort ouditverslag wat Yungs Bpk. ontvang het.**

Ongekwalifiseerd ✓ Aanvaar 'skoon' verslag

**1**

**4.1.2** **Noem TWEE betroubare soorte ouditbewyse wat VC Ouditeure as basis vir hul mening gebruik het.**

Enige TWEE toepaslike en verskillende soorte ✓ ✓

brondokumente (enige twee kan apart bepunt word, bv. fakture/kwitansies)

| | |
|---|---|
| joernale | grootboeke |
| materegisters | fisiese inspeksies |
| (getekende) kontrakte | (getekende) betaalstate |
| debiteure-state | krediteurestate |
| bankstate | EFO-bewyse/bewys van betalings |
| Aktes / registrasiedokumente | |

Wees bedag op ander toepaslike voorbeelde wat verband hou met finansiële rekords.

**2**

**4.1.3** **Verduidelik hoe hierdie ouditverslag moontlik in die toekoms 'n positiewe uitwerking op die maatskappy kan hê. Verskaf TWEE punte.**

Enige TWEE toepaslike/geldige punte ✓✓ ✓✓
deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Aandeelhouers het vertroue in die bestuur van die maatskappy en sal hul aandele wil behou.
- Dit kan potensiële beleggers/aandeelhouers lok.
- Dis makliker vir die maatskapy om kapitaal in die toekoms te bekom.
- Finansiële instellings is meer gewillig om finansiering toe te staan / verkry makliker finansiering/Dit kan die mpy se beeld verbeter wat tot ‘n goeie kredietgradering kan lei.
- Aandeelhouers word gerus gestel dat die maatskappy se finansiële state betroubaar/geloofwaardig is, wat waargenome risiko verminder.
- Dit kan die maatskappy se aandeelpryse op die JSE verhoog.

**4**

**4.2.1** **Watter stappe sou Vintage Bpk. teen die twee direkteure, wat in die hof verskyn het, gedoen het? Verskaf TWEE punte.**

Enige TWEE toepaslike/geldige punte ✓✓ ✓✓
deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Hulle moet geskors word, terwyl ondersoeke/hofsaak aan die gang is.
- Direkteursgelde en/of direkteursvoordele behoort nie uitbetaal/toegeken te word totdat hofsaak afgehandel is nie.
- Ontslaan of verklaar word as onbevoegde direkteure, indien hulle skuldig bevind word in die hof.
- Daar kan vereis word dat hulle die omkoopgeld aan die maatskappy betaal, indien hulle skuldig bevind word.
- Vintage Bpk. kan enige direkteursgelde of –voordele terugeis wat hulle gedurende die tydperk wat die oortreding plaasgevind het, verdien het.

**4**

**4.2.2** **Verduidelik TWEE gevolge wat Josh, die eksterne ouditeur, vir sy onwettige optrede kan verwag.**

Enige TWEE toepaslike/geldige punte ✓✓ ✓✓
deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Dissiplinêre aksie deur sy werkgewer / verloor sy lisensie van ‘n professionele instelling soos bv. SAICA.
- Ander ouditverslae wat hy afgeteken het, moet ook ondersoek word. Hy kan dus sy geloofwaardigheid in sy werkplek verloor.
- VC Ouditeure (werkgewer) kan hom dagvaar vir die verlies aan toekomstige inkomste/ander ouditkontrakte a.g.v. hul reputasie/naam/ beeld wat skade gely het.
- Vintage Bpk (klant) kan hom in sy persoonlike hoedanigheid aankla en eis dat hy totale omkoopgeld terugbetaal/hy kan sy persoonlike bates verloor.
- Indien hy ook van bedrog aangekla word, kan hy gevangenisstraf kry / nie weer as ouditeur in die toekoms praktiseer nie.

**MOENIE aanvaar nie:**
Kan sy kwalifikasies verloor; geswartlys word; afgedank word.

**4**

| **TOTALE PUNTE** | **15** |
|---|---|

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou